



**Worldart**  
PO Box 15417  
Vlaeberg  
Cape Town  
8018  
(021) 461 6384  
charl@worldart.co.za

## **Persverklaring**

**Richard Scott (met Gavin Rain)**  
**ZOOM IN, zoom uit**

**VEO Art Gallery, 8 Jarvisstraat, De Waterkant, Groenpunt**  
**Tel: (021) 421 1568**

**Opening: Dinsdag 13 Desember 2005, 18:00**  
**Uitstalling sluit Dinsdag 20 Desember, 2005**

Na 'n besige jaar wat die publikasie van sy eerste boek, 'n uitstalling in Antwerpen waar 20 werke die eerste aand verkoop het en 'n kommissie vir Woolworths wat reg oor die land, in die res van Afrika en die Midde Ooste gebruik is insluit, is dit lekker om te weet dat Kapenaars binnekort die geleentheid gaan kry om Richard Scott se nuutste uitstalling by te woon.

Die uitstalling vind plaas by die VEO Galery in De Waterkant vanaf 13 tot 20 Desember en bestaan uit 20 werke wat effe afwyk van die styl waaraan mense oor die jare gewoon geraak het. Die reeks staan bekend as die "Wonderwomen"- reeks en is 'n unieke reeks wat nie herhaal sal word nie. "n Mens moet elke nou en dan so 'n ietsie anders doen om dinge interessant te hou", sê Scott met 'n glimlag.

'n Ander kinkel is dat Scott ook vir Gavin Rain, 'n totaal onbekende kunstenaar wie se werk hom heeltemal verstom het toe hy dit die eerste keer gesien het, genooi het om saam met hom uit te stal. "Gavin se werk is vir my ongelooflik treffend en hy verdien om deur meer mense gesien te word. Ek weet hoe moeilik dit vir my was om uiteindelik my eerste uitstalling te kon hou en dis vir my lekker om 'n opkomende kunstenaar só 'n hupstootjie te kan gee." skerts Scott.

Die uitstalling vind plaas van 13 tot 20 Desember by die VEO Galery in De Waterkant, Groenpunt.

----- Einde -----

**UITGEGEE DEUR WORLDART NAMENS RICHARD SCOTT**  
**Telefoon: (021) 461 6384 Sel: 082 901 5045 e-posl: charl@worldart.co.za**